Moontlike antwoorde op vrae

# Die laaste karretjiegraf

## vir Graad 11 Eerste Addisionele Taal

**Athol Fugard &**
**Riana Steyn**

Saamgestel deur Alicia van der Spuy

BEST BOOKS

## Uittreksel 1

1. Dit kan as die eksposisie beskou word, omdat dit vir die gehoor die agtergrond tot die drama skets.
2. Sy was 'n sterk vrou, baie tradisioneel en trots. Sy het vir haar mense omgegee.
3. Hulle moes gaan skape skeer op Twyfelpoort.
4. Hulle het nie 'n vaste huis gehad nie, want hulle moes alles vinnig kon oppak en trek.
5. Sy onthou dinge van lank gelede en is68 gereed om dood te gaan.
6. Dit is 'n Khoi-tradisie. Dit is gedoen om te keer dat wilde diere die liggaam uitgrawe en om te keer dat die geeste toegang tot die liggaam kry.
7. Ja, dit laat die gehoor voel asof hulle ook karakters in die toneel is. Dit wek simpatie vir die karakters.
8. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Ja, want hulle het hulle ouma verloor.

## Verryking

Verwys na:

- Die harde grond het hulle gedwing om vlak grafte te maak.
- Die grafte is met klippe bedek, omdat wilde diere die liggame kon verwyder.
- Die oorledene is ook begrawe met sy/haar gesig na die ooste, want dit is waar die eerste lig van Tsui-Goab verskyn.
- Hulle is afstammelinge van die Khoi/San – die eerste mense van Suid-Afrika.
- Hulle het nie baie besittings nie, want hulle was trekarbeiders.
- Hulle voorvaders was nomadies en het met hulle diere rondgetrek.
- Met die koms van die kolonialiste het dit vir hulle al hoe moeiliker geword om te trek.
- Hulle het aangepas en agter werk aan getrek.
- Hulle het nie vaste huise nie.
- Hulle is skaapskeerders.
- Hulle bly in sinkhuise.
- Hulle drink baie.
- Hulle is baie arm.

## Uittreksel 2

1. Sy ouma is dood en hy is baie hartseer.
2. "Tamatiestraat" beteken dat hulle in die moeilikheid sal wees.
3. a) Hulle karretjiedae is <u>verby</u>.
   b) Outjie wil na die <u>trokke</u> kyk.
4. 1996. Dit sê dat ouma in 1910 gebore is en dat sy 86 jaar oud geword het.
5. Hulle pa is in die tronk. Hulle sal dalk fisies nader wees, maar hulle sal hom steeds nie elke dag kan sien nie.
6. Die liedjies klink baie onskuldig, asof dit kinderspeletjies is, maar dit is eintlik grootmensliedjies. Dit wys vir ons dat die kinders blootgestel word aan dinge waaraan hulle nie blootgestel moet word nie.
7. Dit is baie gepas, want die kinders het nou beskerming nodig, omdat hulle ouma dood is. Daar is niemand wat na hulle kan kyk nie.
8. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Ek dink dit is baie hartseer. Die kinders is ongeletterd en arm. Hulle het geen toekoms nie.

## Uittreksel 3

1. Sy is 'n antropoloog, met ander woorde, sy bestudeer mense en hul leefwyse.
2. Koot was eers getroud met Katryn. Hy het haar met 'n skeerskêr vermoor toe hy dronk was. Daarna is hy met Flora getroud. Hy het haar met sy kierie doodgeslaan toe hy dronk was. Hy het nou weer 'n meisie, Anna.
3. Sarah se monoloog skets die agtergrond van die storie. Dit dien ook as 'n brug na die volgende toneel, want sy verwys aan die einde van haar monoloog na Koot se tronkstraf. Die volgende toneel wys dan vir ons wat gebeur het toe Koot uit die tronk vrygelaat is.
4. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Ek dink dit is 'n skande. As hy vir die eerste moord tronk toe gestuur is, het hy dalk nooit die tweede vrou vermoor nie.
5. Die magistraat het versagtend opgetree tydens die eerste vonnis, omdat Koot die broodwinner is. Hy kon dit egter nie 'n tweede keer doen nie.
6. Sarah praat emosieloos en intellektueel. Dit wys vir ons dat sy uit 'n bevoorregte posisie kom. Die ander karakters tree op volgens hulle emosies. Hulle is ook nie geleerd nie. Die kontras wys vir ons dat hulle uit twee verskillende wêrelde kom.
7. Sarah is goed aangetrek, geleerd en bevoorreg. Die karretjiemense is verslons, ongeletterd en arm.
8. Antwoorde vir blokkiesraaisel oor karakters:
   **Dwars**
   2. Mieta
   5. Koffie
   7. Toek-Toek
   9. Patrys
   12. Rokkies
   13. Flora
   **Af**
   1. Outjie
   3. Koot
   4. Donker
   6. Pienkies
   8. Katryn
   10. Anna
   11. Sarah

## Uittreksel 4

1. Hy het uit die tronk gekom. Hy was daar omdat hy 'n tweede moord gepleeg het (hy het sy tweede vrou, Flora, ook vermoor).
2. Hulle kry koud en daar is nie vuurmaakhout nie. Hulle het ook nie geld om vuurmaakhout te koop nie.
3. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Dit is nie 'n goeie plan nie, want sonder die karretjie kan hulle nie by die werk kom nie. Dan kan hulle nie geld maak nie. OF Dit is 'n goeie plan. As hulle te koud is, sal hulle verkluim.
4. Hy het die donkies verkoop, sodat hulle geld kon hê om kos te koop.
5. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Nee, ek dink dit is sleg. Hy kon eerder die geld gehou het om later nog kos te koop. OF Ja, as 'n mens so arm is, is drank jou enigste vermaak (*entertainment*).
6. Hy tart sy pa.
7. Sy pa se optrede het veroorsaak dat hulle sonder 'n inkomste was en baie swaar gekry het. Hy is ook 'n slegte voorbeeld vir sy kinders.
8. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Ja, Koot is 'n grootmens en hy moet 'n voorbeeld vir sy kinders wees.
9. A. Waar
   B. Onwaar
   C. Waar

10. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Ek simpatiseer met Pienkies, want sy pa moes van beter geweet het.

## Uittreksel 5

1. Dit simboliseer die vernietiging van hulle tradisies.
2. Pienkies verwyt sy pa vir sy optrede, maar hy doen presies wat sy pa gedoen het – hy reageer op ’n gewelddadige manier.
3. Dit is ’n skakel tussen die twee tonele.
4. Pienkies het die <u>donkies</u> verkoop en met die geld <u>meel</u> en <u>koffie</u> gekoop. Hy het ook ‘n kannetjie <u>wyn</u> gekoop.

5.1 D
5.2 C
5.3 A

## Uittreksel 6

1. Dit speel by ouma Mieta se graf af.
2. Sy het gewonder wat van die Gedulds geword het.
3. distrik, verkiesing, gestem, kruisies

## Uittreksel 7

1. Hy toon respek vir sy ma se graf en dus vir haar.
2. Katryn en Flora. Hy het nou weer ’n meisie, Anna, maar hulle is nie getroud nie.
3. Sy is bang dat hy ook vir Anna gaan vermoor wanneer hy dronk is.
4. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Ek dink dit is verskriklik dat sy so emosieloos was, omdat hulle lewe so moeilik was OF Ek dink dat dit vir haar ’n verlossing was en dit is waarom sy nie gehuil het nie.
5. Nee, hy het dit nie gedoen nie. Hy het hard gewerk, maar hy het nie sy geld vir sy kinders gebruik nie, maar wel vir homself. Hy het net aan homself gedink.
6. Sy pa en sy ouma is in die veld begrawe. Dit is nog volgens die ou tradisies. Dit kontrasteer dus met die plakkerskamp, want dit volg nie die tradisies nie. Daar is ook die gevoel dat hy nie vry is nie.
7. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Ek dink dit is ’n goeie idee, want sy kinders sal ten minste skool toe kan gaan OF Ek dink nie dit is ’n goeie idee nie, want hy sal makliker drank in die hande kan kry.
8. Koot het nie meer moed vir die lewe nie. Hy het opgegee.
9. a) Waar
   b) “Ek het haar gevat, my nonna. Sy is nou myne.” OF “Nee, dis net ek ... ek en Anna Louw.”

## Uittreksel 8

1. Sy het dit by hulle staning gekry.
2. Sy probeer hom dwing om te onthou waar hy vandaan kom. Sy wil hê dat hy trots moet wees op sy herkoms.
3. Hulle het nie gedrink nie en altyd seker gemaak dat hulle kinders iets te ete gehad het.
4. ’n geroeste lem van ’n skaapskêr en ’n blikbeker
5. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Ja, sy probeer skoktaktiek om vir Koot tot ander insigte te bring OF Nee, hy het klaar so min in die lewe. Dit is nie nodig om hom verder af te breek nie.

6. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Nee, hy is al te oud en hy weet nie hoe om sy lewe te verander nie.
7. Sarah vertel vir Koot dat sy kinders gesien het hoe hy vir Flora doodmaak. Die volgende toneel gaan dan oor wat sy gesien het.

## Uittreksel 9

1. Hulle het nie geld om ’n regte pop te koop nie.
2. Sy wou op die karretjiemanier begrawe word. Op hierdie manier het sy haar trots gewys, want sy het, ten spyte van alles, steeds haar tradisies gevolg.
3. Sy het vir ouma Mieta salf geneem, maar sy was ook daar om te luister na Ouma se stories.
4. Pienkies het die wol in die skeerhok opgetel en dit vir haar gegee.
5. Hulle ouers is ongeletterd en kon dus nie vir hulle vertel wanneer hulle gebore is nie.

## Uittreksel 10

1. Rokkies droom daarvan om in ’n boervrou se kombuis te gaan werk.
2. Dit was haar enigste idee van ’n beter lewe.
3. Die karretjiemense is arm, want hulle kan nie bekostig om speelgoed vir hulle kinders te koop nie. Hulle is ook ongeletterd. Verder drink hulle te veel alkohol en raak gewelddadig wanneer hulle drink.
4. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Ja, die kinders boots hulle ouers na. Hulle dink dit is normaal om so op te tree en sal dit dus ook eendag doen.
5. Sy aanvaar dit as normaal dat ’n manlike persoon haar goed sal beskadig.
6. Nee, want hulle wys openlik vir Sarah wat hulle doen. Hulle gaan ook doodnormaal aan na die volgende speletjie toe, asof daar niks verkeerd is nie.
7. Die kinders vloek net soos hulle ouers. Daardie taalgebruik is die norm.

## Verryking

1. Verslag met agtergrond, metodes, bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings.
2. Byvoorbeeld: eerste vergadering van die komitee, beplanning, byeenkoms met karretjiemense, vergadering met munisipaliteit, vergadering met maatskaplike werkers (of ander rolspelers), implementering van stappe, hersiening van stappe, ens.

## Uittreksel 11

1. Koot het gedroom dat hy sy eie donkies en sy eie karretjie sou hê, asook ’n groot klomp bokke en skape. Hy het gedroom dat hy vry sou wees.
2. Sy dogter droom nie daarvan om vry te wees nie. Sy wil net in iemand se kombuis werk, sodat sy ook iets moois kan hê. Sy is afhanklik van ander mense.
3. Rokkies is al so gewoond daaraan dat sy min dinge besit, dat sy nie eens meer baklei vir dit wat sy wel het nie.

## Uittreksel 12

1. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Ja, Koot het self nie drome nie. Hy kan dus nie vir sy kinders ’n voorbeeld wees nie.
2. Sy wou inligting oor hulle hê wat sy vir haar Meestersgraad kon gebruik.
3. Sy het vir haar twak geneem en salf vir haar vingers, asook lekkergoed vir die kinders.
4. Daar was nie genoeg kos om vir die hond ook iets te ete te gee nie.
5. As hulle vir die hond kos gegee het, sou hulle self nie genoeg gehad het nie.
6. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Dit is reg so, want mense is belangriker as diere.
7. Toek-Toek is baie ontsteld, maar Pienkies is afgestomp en gee nie om nie.
8. Enige geskikte antwoord.

## Uittreksel 13

1. Dit was winter. Dit raak baie koud in die Karoo. Hulle het nie elektrisiteit nie en ook nie geld vir gas of vuurmaakhout nie.
2. a) Waar
   b) Waar
   c) Onwaar
3. Sarah was by Ouma en die kinders in hulle sinkhuis. Toek-Toek wou kos vir Donker hê, maar Ouma het geweier. Toek-Toek het die hond buitentoe geneem en met 'n klip doodgekap.
4. Toek-Toek het 'n sagte hartjie en hy kon dit nie verdra om te sien hoe sy hond ly nie.
5. Hulle het nie onmiddellik besef wat aangaan nie en kon dus nie help nie.

## Verryking

Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Jy kan die mense in die omgewing bewus maak van die diere se lyding. Die mense sou dan kos kon skenk. Jy kan die dierebeskermingsvereniging kontak.

## Uittreksel 14

1. Toek-Toek het sy hond doodgemaak omdat die hond baie swaar gekry het.
2. Die hond het swart hare gehad.
3. Die hond het baie erg gely, want hy was honger.
4. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Nee, dit was baie wreed. Hulle moes eerder om hulp gevra het.
5. Dit wys vir ons hoe emosioneel afgestomp die mense is. Hulle is gewikkel in 'n stryd om oorlewing, waar die gewone gevoelens nie meer saak maak nie.
6. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Ja, sy kon mos vir hulle kos gebring het, want sy het geweet hulle kry swaar.

## Uittreksel 15

1. Koot en Sarah praat oor die dood.
2. Sy begin verskriklik huil.
3. Die hond se dood herinner haar aan hoe magteloos sy gevoel het toe haar suster gesterf het.
4. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Ja, sy dink sy weet hoe dit voel om emosioneel swaar te kry.
5. Dit beteken dat hy deel voel van die tradisies van sy mense.

## Uittreksel 16

1. Koot het ophou drink, want die vreemde mannetjie het hom laat besef waar hy vandaan kom.
2. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Heitsi-Eibib, die Khoi-god, wat van gedaante kon verander.
3. Hy het vir Koot die vlaktes, springbokke, twee swart arende, die bossies en die klippe gewys.
4. Hy het vir Koot gewys waarvandaan hy kom en dat al hierdie dinge eintlik aan hom en sy mense behoort, want hulle was die eerste inwoners van hierdie land.
5. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Ja, hy en sy mense word misken, want die grond behoort nie meer aan hulle nie.
6. Dit sluit aan by die tema, want dit wys vir ons die oorsprong van die Khoi-mense en dat 'n mens se tradisies/wortels belangrik is.

## Uittreksel 17

1. Hulle kan skool toe gaan.
2. Hulle is hier vir oulaas saam.
3. Dit is asof dit die laaste foto van karretjiemense is. Hulle sal nooit weer so as gesin saam wees nie.
4. Ja, hy sê sy wil vir "oulaas" 'n foto neem. Dit beteken vir die laaste keer.
5. Hulle skryf 'n soort geskiedenis van die karretjiemense.
6. Die donkies is 'n belangrike deel van hierdie geskiedenis.
7. Ja, die toneelstuk beskryf die geskiedenis en tradisies van die karretjiemense. Dit gee vir die leser 'n beeld van hierdie mense, asook hulle probleme.
8. Ons kan sê dat die tema van hierdie drama die vernietiging van die tradisionele leefwyse van die karretjiemense is. OF Die drama wil vir ons wys dat mense, ten spyte van verskille, tog dinge in gemeen het. OF Die tema van die drama is dat mens nie hoop vir die toekoms moet verloor nie. OF Lesse uit die verlede kan gebruik word om vir jouself 'n beter toekoms te bou.

## VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG Antwoorde

1.1 Koot is die pa van die kinders en Pienkies is die oudste seun.
1.2 Koot was in die tronk.
1.3.1 Waar
1.3.2 Pienkies is kwaad vir sy pa, omdat hy hulle sonder heenkome gelaat het.
1.4 Hy het sy tweede vrou vermoor net soos sy eerste vrou.
1.5 Hy is besig om die donkiekar op te kap vir vuurmaakhout.
1.6 Hulle het nie geld gehad nie en daar is ook nie baie bome in die Karoo nie.
1.7 Hy is eintlik besig om hulle tradisionele leefstyl te vernietig.
1.8 Hulle het nie kos gehad nie en dit was bitterkoud. Toek-Toek het sy hond doodgemaak en ouma Mieta is dood.
1.9.1 E
1.9.2 D
1.9.3 F
1.9.4 A
1.10 Hy verwyt sy pa, want hulle het niemand gehad om vir hulle te sorg terwyl hy in die tronk was nie.
1.11 Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Nee, hy moes eintlik vir die staat kwaad gewees het, want die maatskaplike werkers moes toegesien het dat die kinders in sorg geplaas is OF Ja, sy pa is 'n grootmens en hy moes van beter geweet het.
1.12 Ja, dit is geregverdig, want daar het soveel slegte goed met hulle gebeur dat dit moeilik sal wees om positief te bly.
1.13 Die titel verwys na die laaste karretjiegraf, met ander woorde, die einde van 'n era. Dit hou verband met die tema, want dit gaan hier oor die verdwyning van 'n inheemse kultuur van Suid-Afrika.
1.14 Die karakters se taalgebruik is baie doeltreffend, want dit wys vir ons waar hulle vandaan kom. Sarah se taal is gesofistikeerd, terwyl dié van die karretjiemense minder gesofistikeerd is.

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG Antwoorde

2.1 Sarah is 'n antropoloog wat navorsing oor die karretjiemense gedoen het.
2.2 Sy maak vir haar 'n pop uit 'n stok.
2.3 Sy demonstreer vir Sarah hoe sy die pop maak.
2.4 Dit is vir haar belangrik, want dalk het sy self nie onderklere nie. Sy weet dus hoe dit voel om deur ander kinders gespot te word.
2.5 Rokkies droom van 'n beter lewe. Sy projekteer haar drome op die pop.
2.6 Hulle het geen idee hoe oud hulle is nie, want hulle ouers kon nie vir hulle sê nie. Die woord "verjaardag" beteken vir hulle niks nie, want hulle weet nie wanneer hulle

gebore is nie  en hulle hou ook nie partytjies nie – daar is geen spesiale dae vir hulle nie.

2.7 Dit is ’n outydse manier om respek aan ’n jong wit vrou te betoon, veral op die plase.

2.8.1 stokpop

2.8.2 flentertjies

2.8.3 spieël

2.8.4 deftig

2.8.5 verjaardag

2.9 Hy slaan die pop met ’n stok stukkend.

2.10 Hy het gesien hoe sy pa hulle stiefma doodslaan en hy dink dit is normaal om dit te doen.

2.11 Hulle pa het hulle stiefma doodgeslaan met sy kierie. Hulle het gesien hoe dit gebeur het.

2.12 Die grootmense is nie baie goeie voorbeelde nie. Hulle doen baie slegte dinge en die kinders dink dit is normaal om so te leef.

2.13 Sy is gewoond daaraan dat mense gewelddadig teenoor vroue optree. Sy aanvaar dit gelate en baklei nie meer terug nie. Sy het al besef dat dit nie gaan help nie.

2.14.1 Ja

2.14.2 Hulle doen niks daaraan nie en verander nie hulle eie optrede nie, want hulle dink dit is normaal om so te leef.

2.15.1 Ja

2.15.2 Die karretjiemense moes rondtrek agter werk aan. Hulle kon daarom nie geleerdheid kry nie en dit het veroorsaak dat hulle arm gebly het. Armoede kan sosiale probleme skep, wat bygedra het tot die vernietiging van hulle tradisies.

2.15.3 Hierdie uittreksel wys hoe die karretjiemense se leefstyl vernietig is deur alkoholisme en ‘n gebrek aan trots. Geweld het uitgebreek en die tradisies vernietig.